
# Die Haan en die Mielie-pit

'n Haan het 'n keer op die werf in die grond gekrap. Hy het 'n lekker, groot mielie-pit gekry. Dit wou hy gou insluk. Maar, o liewe tyd, daar stik hy toe. Hy kon nie asem kry nie en een, twee, drie, lê die haan met sy bene in die lug. Die ou vrou van die huis het dit gesien en toe vra sy: "Meneer Haan, waarop lê jy so met jou bene in die lug?" "Ek verstik," antwoord die haan. "Gaan vra gou vir die koei 'n bietjie botter. Die ou vrou het gou na die koei gegaan en gesê: "Mevrou Koei, gee tog vir my 'n bietjie botter. My haan wil verstik. Hy wou 'n mielie-pit insluk."



"Gaan vra eers vir die boer 'n bietjie gars," antwoord die koei. Die ou vrou het na die boer gegaan en gesê: "Boer, gee tog vir my 'n bietjie gars. Die gars is vir die koei. Die koei sal vir my botter gee. Die botter is vir die haan wat verstik. Hy wou 'n mielie-pit insluk." "Gaan vra eers vir die oond 'n stukkie brood," antwoord die boer. Die ou vrou het gou na die oond gegaan en gesê: "Oond, gee tog vir my 'n stukkie brood. Die brood is vir die boer. Die boer sal vir my gars gee. Die gars is vir die koei. Die koei sal vir my botter gee. Die botter is vir my haan wat verstik. Hy wou 'n mielie-pit insluk."

"Gaan vra eers vir die hout-kapper 'n stuk hout," antwoord die oond. Die ou vrou het gou na die hout-kapper gegaan en gesê.: "Houtkapper, gee tog vir my 'n stuk hout. Die hout is vir die oond, die oond sal vir my brood gee. Die brood is vir die boer. Die boer sal vir my gars gee, die gars is vir die koei. Die koei sal vir my botter gee, die botter is vir my haan wat verstik. Hy wou 'n mielie-pit insluk.

"Gaan haal eers vir my bessies in die bos," antwoord die houtkapper. Die ou vrou het na die bos gegaan en 'n klomp bessies gepluk. Die bessies het sy vir die houtkappper gegee, hy het vir haar 'n stuk hout gegee, die stuk hout het sy vir die oond gegee. Die oond het vir haar brood gegee, dit het sy vir die boer gegee. Die boer het vir haar gars gegee en dit het sy vir die koei gaan gee. Toe gee die koei vir haar botter . Sy het die botter vir die haan gegee en hy kon sy mielie-pit afsluk. Toe moes julle die haan hoor kraai! Die ou vrou het uit blydskap haar hande geklap en saam gesing.
UIT: OOR DIERE EN KINDERS: SILWERBOOM-REEKS

VRAE: Beantwoord die vrae in jou boek.

1. Wat doen 'n haan as hy "op die werf in die grond krap"?
2. Waarom dink jy die haan wou die groot mielie-pit "gou" insluk?
3. In watter posisie het hy gelê?
4. Wat wou die haan hê om nie verder te verstik nie?
5. Wat moes die ou vrou vir die boer eers kry?
6. Watter tipe " oond" gebruik nog hout?
7. Watter deel van die boom saag houtkappers af?
8. Waarheen gaan daardie dele van die boom nadat dit afgesaag is?
9. Watter tipe bome word gebruik om vuurhoutjies van te maak? (weet jy dalk?)
10. Wat is "gars"?

GEE DIE verkleining van:

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| werf | mieliepit | asem | haan | bene | botter | sluk | oond | houtkapper |
| bessie | hout | brood | boer | koei | vrou | klap | bos | |